meentes en in die Bybelwerk het ons baie waardeer. Suster Milford het baie tyd aan die Sabbatskool en die Sending-Vrywilligers bestee en ook uitgebreide Bybelwerk gedaan. Ons mis hierdie toegewyde werkers baie. Broeder D. Williams het die leiding geneem in die gemeente van Beaconsfield en ook baie Bybelwerk gedaan. Ons het sy hulp gemis vandat hy hier weg is. Voor sy vertrek is sy hart bly gemaak deurdat 'n aantal gelowiges vir wie hy gearbei het, gedoop is. Suster H. Stow het baie Bybelwerk gedaan en help nou nog in die poging en die werk van die gemeente. Ons het die saamwerking en die eenheid van hierdie werkers, sowel in gebed as in die werk, baie waardeer.

Bygaande twee foto's sal ons mense laat sien wat die resultaat van die Kimberley se poging was in aantal siele wat gedoop en vir die waarheid gewin is. Ons weet dat die Here se kinders oral vir hierdie werk gebid het—ons waardeer dit. Die Here alleen kom toe die dank en aanbidding, want sonder Hom kan ons niks doen nie. Ons is vol moed nou ons 'n nuwe poging te Beaconsfield begin.

Broeders, bid vir ons dat daar nog baie siele vir die Here en Sy waarheid mag uitstaan.

Vooruitgang in die Kleurlinge Departement in die Kaapse Skiereiland

L. S. BILLES

SABBAT die 30ste Julie is daar 'n denkwaardige doopdiens gehou in die kerk van Zoutrivier. Nege-en-twintig lede is in ons gemeentes in die Skiereiland opgeneem. 'n Saamgepakte gehoor het sit luister na die pragtige diens deur Ouderling Abney. Die meeste van die wat gedoop is, vorm 'n nuwe groep in 'n saaltjie te Kensington, die resultaat van Ouderling Abney se poging. Ons hoop binnekort weer 'n doopdiens te hou vir die wat nog, as gevolg van daardie poging, die waarheid sal aanneem.

Hierdie doopdiens bring die aantal gedoopte siele in ons Departement in die Kaapkolonie op ongeveer negentig siele en ons verwag om meer as honderd te hê voor die end van die jaar. As ons net dink hoe stadig die werk onder ons kleurlinge in vroeër jare gegaan het, dan is ons dankbaar vir die wonderlike seëning

van die Here in hierdie dag van Sy krag. Die Here ontbloot Sy arm om 'n afgesnede saak op aarde te doen en die oorblyfsel in te samel. Een kenmerkende eienskap van hierdie nuwe lede is dat hulle, op weinig uitsonderings na, getrou gebly het aan die waarheid. Gedeeltelik is dit te danke aan die feit dat heel wat tyd verloop het, eer ons hulle gedoop het. Daardeur het die kandidate vir die heilige doop kans gekry om hul op-

"RED ONS SENDING"

Op 'n onlangs gehou vergadering van die beskikbaar lede van die Divisiekomitee het ons die toestand van die fondse waarmee ons die werk moet doen, oorweeg en die volgende besluit geneem:

"Met die oog op die groot behoefte aan die sendingfondse as gevolg van die vermindering in die Oes Insameling en ander fondse en die besnoeiing van ons gereelde appropriasies en Uitbreiding Fonds,

"Stem ons voor 'n spesiale offerande 'Red ons Sendingstasies' in hierdie Divisie om in hierdie dringende nood te voorsien en op die manier te voorkom dat ons werkers moet terugroep, en om ons in staat te stel om ons teenswoordige werk te ondersteun."

J. F. WRIGHT, *Voorsitter*,
A. E. NELSON, *Sekretaris*.

'n Subkomitee het dit nader uitgewerk en die datum vir die offerande op 5 November bepaal. Ons sal in 'n volgende OUTLOOK meer inligting oor hierdie saak verskaf.

regtheid en hul onwankelbaar vertroue in die waarheid te bewys.

Die krag van die Heilige Gees is openbaar in die lewe van hierdie dierbaar mense. Ek dink nou aan een familie wat ek twee of drie jaar gelede ontmoet het. Hulle het in die ellendige toestand van die agterbuurt gebly, toe hulle begin belangstel in die waarheid. Net een seun wat vreeslik aan die drank was, het die anderes teëgestaan as hulle oor die onderwerpe van die tentpoging praat. Dit het so ernstig geword dat hy eendag in sy dronk bui sy mes getrek het en die ou huisvader te lyf wou gegaan het. Die ander familieledede het hom dit toe belet en hom onbarmhartig geslaan en daarna aan die polies oorhandig. 'n Paar dae later praat skrywer met hom, maar skynbaar sonder enige resultaat. In sy dooierige toestand sou hy seker nooit die evangelie aanneem nie. Die

ander familieledede is later gedoop en twee van die jongeres is nou bekwaam kerkampdenare. Die woning is skoon en die hele omgewing anderste. Skrywer het nog nooit so 'n totaal verandering in 'n familie gesien nie. En die wonderlikste van alles is dat die jong kêrel wat hom eers so aan die drank oorgegee het; Sabbat die 30 Julie gedoop is; 'n lewendige getuie van die mag van die evangelie. Die ou gewoontes van drank en tabak is nou gebreek. Hy werk hard en spaar geld en bou selfs 'n huis vir sy familie. Dis werklik aangenaam om in daardie woning in te kom. Geen wonder dat die skrywer se hart bewoë was, toe hy daardie seun die watergraf sien instap! Sulke ervarings bevestig die sekerheid van die krag van die evangelie en van die toekomstige oorwinning van die kindere van die Here.

Die Sabbatmiddag na die doopdiens te Zoutrivier is 'n nuwe mylpaal in die vooruitgang van die werk onder die kleurlinge van die Skiereiland gepasseer toe ons die draagbaar saal te Dieprivier ingewy het. Die komitee van die Kaap Konferensie het gemeen dat so 'n gebou goedkoop en meer diensbaar sou wees as 'n tent en hulle het toe £100 opsy gesit met die doel om 'n gebou op te rig wat 250 mense kan bevat. Terwyl skrywer sy gereelde pligte vir die gemeente nagekom het, het hy met hulp van verskeie gemeenteledede die saal help opbou. Ouderling A. E. Nelson het die inwydingstoespraak gehou en die doel van hierdie verplaasbare gebou duidelik gemaak deur te wys op die evangeliebevel van die Here. Matth. 28: 19, 20.

Die studente van die Opleidingskool "Goede Hoop" doen hul bes en werk hard aan hul lesse. Die tuin onder toesig van Broeder Jackson begin mooi te word. Nuwe studente kom in en van oor die hele Unie vra hulle vir inligtings met die oog op die meer gevorderde klasse van volgende jaar.

Oral is daar 'n toon van moed en optimisme ondanks die geldelike moeilikhede van ons dae. Baie weet nie waar hulle die volgende maaltyd vandaan sal haal nie; maar hul vertroue en geloof in die waarheid staan vaster as ooit. En die Here sorg darem. Die feit blyk aldeer dat "die ware Christen sal vasstaan soos 'n rots, en sy geloof sterker en sy verwagting helderder as in die dae van voorspoed."—G. C. *bid.* 602.

Goeie Telegrafiese Nuus

OUDERLING N. C. WILSON telegrafer die bemoedigende nuus dat die droogte in seker dele van die Unie gebreek is. Daar is ernstig vir hierdie verlossing gebid. In sy telegram sê Ouderling N. C. Wilson:

"In antwoord op die vereende gebede van die Here se kinders het hierdie naweek uitstekende reëns die ernstige droogte in die Vrystaat en die Noorde van Kaapkolonie gebreek. Dis 'n groot seën vir die hele land."

Tegelyk praat hy van die Oes Insameling Veldtog in die Unie van Suid-Afrika. Ons het al verlangend na hierdie resultate uitgesien. Ouderling N. C. Wilson telegrafer hierdie bemoedigende berig:

"Volgens ontvangte berigte het ons ons Oes Insameling doelpunt bereik."

Ons sien nou verlangend uit na die besonderhede.

S. U. Sending

E. C. Boger Superintendent

D. A. Webster Sekr.-Tes.

Bus 573, Boelawajo, S. Rhodesië

Sabbat in die Sendingveld

MEVR. W. B. HIGGINS,
van Solusi

Sabbatmôre het aangebreek. Die lug is helder en die warm tropiese môreson wat deur die raam skyn, belowe 'n warm dag. Dit sou lekkerder wees om by die huis te bly, want as die son so vuurwarm word, is die eie huis tog maar die beste. Daar kan die gloeiende strale nie deurdring nie en mens kan dit vir jou so maklik maak as jy wil. Maar ons kan tog nie die verlangende gesigte teleurstel nie. Hulle wag op die Sabbatpreek.

Ngwasi die buiteskooltjie is tien myl van die stasie. Ons pak dus haastig 'n bietjie kos en wat Sabbatleesstof in en Charlene, my dogtertjie, en ek klim in die moter wat ons daar sal bring. Ons het komberse en kussings en 'n draagbaar Victrola saamgeneem.

Die rit deur die bosse was aange-naam. Hier en daar ontmoet ons 'n kaffer wat uit is om 'n boodskap te bring. Ons het by 'n sandspruit gekom en algar moes uitklim en help kar uitstoot, selfs Charlene. Die pad is maar sleg, mens weet nooit wan-

neer 'n tak jou in die gesig sal slaan of jy jou kop sal stamp nie. Charlene sê dis soos 'n wieg agter in die kar, alhoewel ek betwyfel of 'n babetjie ooit daar in slaap sal val. Tog was die rit aangenaam.

Toe ons by die skooltjie aankom, wag daar 'n klompie kinders om ons te groot. Die kleintjies met hul bekende laggie en paar kraaltjies om die lyf is oral; party klou vas aan hul ouer broeders en susters en party babetjies skree van angers as ons net ons beweeg.

Ons groot die onderwyser en gaan toe binnekant die geboutjie. Die skool is klein en van grond en pale gebou met grasdak. Aan een kant is die grond verhoog met die lesse-naar vir die onderwyser of plek vir die prediker, bestaande uit 'n boomstam met 'n plank daarop. Die skoolkamer self is vyftien by vyf-en-twintig voet en min mense kan daar in. Die sitplekke bestaan uit hopies grond waarop die studente sit. Mens sou nooit raai waarvir hul is nie as jy dit nie self sien nie.

Maar die kamertjie was klein. Ons gaan op die verhoog sit en toe begin die mense inkom. Ek het hulle bietjie gadedeslaan. Eers kom die onbedwingbaar kleingoed wat haastig die voorste plekke inneem en ons daar sit aankyk. Daar sit 'n ou grys vader met 'n uitdrukking van Christelike gelatenheid op sy gesig; hier 'n arm moeder morsig en moeg en onwetend, met 'n morsig slapende kind op haar rug. Die evangelie van Christus het haar hart nog nie bereik nie! Toe kom daar twee jonge meide wat op Solusi gewees het. Mens kan dit sommer sien aan hul hele houding dat hulle 'n doel in die lewe het. Hulle wil die evangelie aan hul eie mense bring. Hoe netjies en skoon lyk hulle in verlyking met die ander meide wat nog nooit op die sendingstasie gewees het nie!

Daar sit 'n vuil, gehawende jongkaffer; sy oë staan dof, daar lê in sy gesig nie die lig van beslistheid of ontwikkeling nie. Verderop sit een van Solusi. Kyk net hoe skoon en tevrede en beslis hy lyk en hoe dit hom laat uitblink bokant die ander.

Ag, hier kom een wat op sy hande en voete moet kruip, dis hartroerend. Sy bolyf is lam en dit laat my dink aan die arm lamme wat die Here Jesus gesond gemaak het. O, ge-seënde dag wanneer die siekte en die smarte nie meer sal wees nie!

'n Gemingde groep van een honderd dertien siele het in daardie klein

kamertjie ingekom. Mens sou daar nie meer as dertig verwag het nie. En hulle kom algar van naby.

Hoe luister hulle as ons op die Victrola die liedere speel! Jong moeders, amper nie groter as die babetjies wat hulle op hul rug dra, kom staan by die oop vensters en luister buitekant. Dit lyk wel of elke vrou en meidjie 'n babetjie, op hul rug dra.

Toe Menr. Higgins sing en praat, is hul harte aangeraak en verskeie het vir die eerste keer opgestaan en hul harte aan die Here gegee. Partykeer lyk dit of hulle ongevoelig en hard van hart is, maar as die Here Jesus met hulle van Sy liefde praat, word die hardste hart sag.

Die geboutjie was onaansienlik, en nederig die preekstoel, maar nooit het 'n meer aansienlike kerkgebou getuie gewees van opregter belydenis en meer toewyding as hierdie klein skoolgeboutjie in die boswêreld van Afrika nie.

Ons kar staan onder 'n groot boom en terwyl ons vir Menr. Higgins wag, moet Charlene en ek ons besig hou met die menigte kaal kaffertjies wat ons kom besoek. Charlene gee hulle printjies wat sy uitgeknipt het en ek trakteer hulle op rosyntjies wat hulle amper nie durf eet nie.

Toe die tyd kom dat ons sal weggaan, gaan al die hande in die hoogte en roep hulle: "Hamba gashle," en ons is huistoe.

Nieteenstaande die vreeslike warmte en die ondraaglike vlieë het ons darem ons maaltyd geniet en onder 'n boom langs die pad gerus. Langs die pad het ons die ou indoena Melayo gaan sien. Hy bly in 'n dorpie, nie ver van die stasie nie. Hy lê en sterf aan tering. Sy mense is nog heidene en sonder God. Ek wens net julle kon die vuil en die vlieë in daardie dorpie sien. Mens vra partykeer hoe kry hulle dit reg om so baie kinders groot te bring. Dit lyk baie na "die oorlewing van die geskikste." 'n Dosyn of twee van die morsigste kleingoed wat mens ooit gesien het, het daar om ons kar gestaan en ons kon net vlieë wegja en kyk na die uitdrukking op die gesiggies van die kleintjies. Toe gaan die kar verder. O, maar was dit nie 'n genot om weer by die stasie te kom nie; so skoon en so koel lyk die huis en so dankbaar was ons vir warm water en seep. Selfs Charlene het daardie aand nie teëgestribbel, toe dit tyd vir haar bad word nie.

Kon u net eenkeer saamry, dan sou u seker "ja" kan sê op die vra

“Betaal die Sending?” want u sou kan sien hoe hulle die boodskap aanneem en hoe dit hul harte, liggame en huise skoonmaak en hul lewe totaal verander. Dis seker werd al die klein opofferings wat ons in die sendingveld maak om die veranderende krag van die evangelie te sien.



Salisbury

HERMANN FICKER

IN die laaste tyd het ons klompie mense hier minder geword. Party is op vakansie, party het op 'n ander plek werk gekry. Maar tog, daar kom altyd weer nuwes by en so gaan die werk aan.

'n Week gelede het 'n jonge dame wat in die Landbank werk, die Sabbat af gevra. Maar hulle het haar laat weet dat sy dan maar ander werk moet soek. Dog sy het goeie moed. Party jonggetroudes stel groot belang en ons bid dat hulle eerlank 'n besluit mag neem.

Ons hou elke Maandagaand diens vir die gekleurdes en daar is onder hulle wat die dienste gereeld bywoon.

Hier in Avondale het iets gebeur wat ons geloof in hierdie waarheid versterk het. 'n Predikant van 'n ander Genootskap het hier dienste kom hou. Die mense het hom 'n paar vrae gevra wat hy nie heeltemal bevredigd kon antwoord nie. Hulle besluit toe om iemand anders te laat kom om hierdie dinge vir hulle te verklaar. Hulle het nie eens hul eie predikant gevra nie, maar by ons gemeente aangeklop. Een man het gesê: “Ons vra julle omdat ons weet dat julle die Bybel ken en ons net die Bybel en die Bybel alleen sal gee.”

Waarlik die Here werk vir ons. Broeders Hipkin, Boardman en die skrywer het eers 'n korte biduur by die kerk gehou en toe na die vergadering gestap. Daar was vyftig grootmense en baie kinders teenwoordig. Die ou predikant het sy insigte duidelik gemaak en toe het ons net uit die Bybel geantwoord. Daarna was daar kans vir vrae omtrent die Sabbat, die wet, die kinderdoop, die groot doop, ens., ons het met tekste beantwoord. Daar was geen gevoel van vyandskap nie. Daardie aand het dit laat geword eerdas ons klaar was met die gewigtige getuienis omtrent ons geloof vir al die mense waaronder baie wat nooit geweet het wat ons bely nie. Mag die Here die gestrooide saad wasdom gee, is ons bede.

Evangelisme van die Sending Vrywilligers in Midde Afrika

J. I. ROBISON

DIE Ruanda-Urundi distrikte in die hart van Afrika is tog al te pragtig. Die ewige berge en koppe wat die waterskeiding tussen die stroomgebied van die Kongo- en die Nylrivier vorm, sny die distrikte van die buitewêreld af. Op die groen hange van hierdie berge en in die vrugbaar vleie woon meer as ses miljoen mense. Vier van ons sendingstasies in die Unie van Midde-Afrika werk hier onder die miljoene.

Die skrywer het die voorreg gehad om 'n paar weke hier deur te bring en iets van die entoesiasme van ons sendelinge oor te neem. Hulle sien hier bestaan die moontlikheid om evangeliewerk te doen soos nêrens in Afrika. Onder leiding van hul superintendent Ouderling C. W. Bzarth het ons werkers hul doelpunt vir 1932 op een duisend nuwe bekeerlinge gesit! Vroeg die jaar het hulle al planne gelê om dit die ver naamste jaar in die geskiedenis van hul evangeliewerk te maak. En die uitkoms oortref al hul verwagtings.

Op elke stasie het hulle die Sending-Vrywilligers ingespan en hulle in aggressiewe evangelistiese groepe verdeel. Vyf maande lank het hulle toe gereeld weeklikse vergaderings in die omliggende dorpe gaan hou en die waarhede van die evangelie wat alleen die siele kan red, verkondig. Spoedig het hierdie pogings begin vrugte dra en teen die end van Junie was daar 587 nuwe name van mense wat getrou die Bybel- en doopklasse van ons naturelonderwysers bywoon. Die Sending-Vrywilligers was baie bly oor die resultate en het met besonder entoesiasme uitgesien na die Juliemaand wat ons spesiaal vir die evangeliewerk afgesonder het.

In Juliemaand dan het al die werkers in die Unie van Midde Afrika saamgestaan in 'n bepaalde evangelistiese poging vir die tientalle kafferstate in hierdie digbevolkte land. Die Europese werkers, die naturel onderwysers en die Sending Vrywilligers, algar het in 'n uitgebreide, evangelistiese veldtog saamgewerk. Die Here het hul pogings wonderlik geseën en hul geloof met sukses bekroon. Want teen die end van Juliemaand het hulle meer as vyftien honderd siele gewin. Hierdie 1,500 bekeerlinge het die Here as hul Heiland aangeneem, hul heidense gebruike

laat staan en hulle laat inskryf vir die doopklasse om verder onderrig te ontvang. Ons werkers kon nouliks die rapporte glo toe hulle hoor hoe die mense hul afkeer van die heidenom of van die Katolieke geloof (want daar is baie Katolieke sendingstasies in hierdie land), en hoe hulle belowe om die gebooi van die Here te bewaar en in Sy weë te wandel. Die aantal nuwe bekeerlinge vir die eerste sewe maande van hierdie jaar is 2,100 of dubbel die voorgestelde doelpunt. Die werkers glo dat daar voor die end van die jaar nog baie meer sal kom.

Die vyand het bitter teenstand opgewek. Baie indoea's, die meeste van hulle is maar Katoliek, het hul mense verbied om ons vergaderings by te woon. Party wat darem kom, is vervolgd en geslaan. Die Wit Vaders het probeer om ons werk teë te gaan en die mense probeer belet om ons vergaderings by te woon. Die mense het hul nie laat belet nie en ondanks die indoea's en die priesters het hulle gekom, selfs onder teenstand en vervolging. Hulle het die wondervol waarheid van saligheid gesmaak en hulle wou meer weet.

In Augustusmaand is daar oral in die Unie van Midde Afrika kampvergaderings gehou en nog nooit het daar so baie mense opgekom as hierdie jaar nie. Op die Gitwekampvergadering was daar 3,500, op Rwanterie 4,200 mense. Ons het nog 'n kampvergadering gehou, sodat hierdie jaar meer as nege duisend mense die waarheid gehoor het. By elke vergadering was daar honderde wie se bly aangesigte getuig het van hul eerste liefde vir die waarheid. Hulle het mooi opgelet terwyl ons die grootste waarhede van saligheid uiteensit. Hierdie waarhede is ewig nuut vir die wat lankal in die geloof is en vir die pasgebore babetjies in Christus.

Op die kampvergadering van Rwanterie vertel Ouderling Monnier iets van die ervarings wat hulle in die maand se evangelistiese veldtog gehad het. Hul groepe het in verskillende distrikte gewerk, party onder Sending-Vrywilligers, party onder naturelle onderwysers. Al die groepe het egter Sending-Vrywilligers gehad en hulle het aldag publieke vergadering gehou en baie besoeke afgelê

en persoonlike werk gedaan. Elke Maandag stuur elke groep 'n loper na die sendingstasie 'n rapport, oor die werk en die besonder ervarings van die afgelope week. Broeder Monnier het daarvan dan 'n weeklikse, evangelistiese rapport van die veldtog opgemaak en elke groep het daarvan weer 'n afskrif gekry en dit gretig gelees. Op hierdie manier is die belangstelling lewendig gehou en het hulle geweet hoe om vir mekaar te bid.

Een jong man, 'n Sending-Vrywilliger, het aangebied om sonder salaris uit te gaan en vergaderings te gaan hou in 'n bepaalde dorp. Die gevolg was dat daar heel wat belangstelling opgewek is en heel wat mense die Sabbat begin hou het. Die Katolieke Wit Vader het toe laat weet dat hy die seun wou sien. Eers wou die seun nie gaan nie, maar toe die priester hom vir die tweede keer laat roep, het hy darem besluit om te gaan. Vooraf het hy ernstig gebid dat hy tog die regte antwoord mag gee, as die priester hom iets vra. Die Wit Vader het hom baie goed behandel en hom eers gevlei en gesê dat die Katolieke Sending baie graag so 'n fluks: seun wou hê en hy gewillig was om hom 'n goeie klompie geld te gee as hy net wou oorkom na die Katolieke Sending en een van hul onderwysers word. Toe vra die priester vir die seun wat hy daarvan dink, maar hy wou eers niks sê nie. Toe die priester aanhou, sê die seun: "Toe die Here Jesus op die aarde was, het die duiwel een dag na Hom toegekom en Hom al die koninkryke van die wêreld aangebied as Hy net wou neerval en hom aanbid. Maar die Here Jesus het geweier, omdat dit sonde sou wees en ook omdat Sy Vader Hom 'n groter werk gegee het. En nou kom u en wil vir my geld gee as ek net sal neerval voor die Roomse Kerk, maar hoe kan ek dit doen, aangesien dit sonde sou wees en die Here vir my 'n groter werk gegee het." Hy wou die geld nie hê nie. Die priester sê toe dat die seun hom nie 'n goeie antwoord gegee het nie, maar dat hy 'n ander priester, 'n Swart Vader, sou stuur. Maar toe die seun sê dat hy dié nie wou sien nie, het die priester baie kwaad geword en die seun gedreig en bang gemaak. Die priester het die indoe-na so ver gekry om sy mense nie toe te laat om ons vergaderings by te woon nie. En hy het ook party laat pakgee. Maar ons getroue Sending-Vrywilliger het sy man gestaan

en ondanks die priester se bemoeiings het die meeste mense gekom. "Ons gee nie om nie al kry ons pak," sê hulle. "Dis die waarheid van die Here en ons sal dit aanneem, al maak hulle ons ook dood."

'n Ander jong man uit die heidenom het die boodskap aangeneem. Sy pa was 'n indoe-na en Katoliek. Hy het baie kwaad geword en die seun voor al die oudstes van die dorp gebring. Daar het hulle met hom gepraat en hom gedreig en geraas dat hy 'n nuwe geloof met 'n ander rusdag in die dorp wou bring. Maar die seun het nie 'n woord gepraat nie. Hulle wou hê dat hy moes antwoord. Maar hy het doodstil gebly. Op die ou end sê hy vir hulle: "Toe hulle die Here Jesus voor koning Herodus gebring het en baie beskuldigings teen Hom gebring het, het Hy ook nie met een woord geantwoord nie." Daarom wou hy hulle geen antwoord gee nie, want baie van hul beskuldigings was vals. Dit het hulle eers kwaad gemaak. Hulle het hom 'n pak gegee en hom weggeja. Maar hy het weer Bybelklas toe gekom en met blydschap van sy ervaring vertel, omdat hy vir sy Here smaadheid gely het.

'n Groot aantal van die 680 nuwe name vir die Bybelklasse in die Rwa-

nkerie distrik is bekeerlinge wat die Sending Vrywilligers ingebring het. Dit geld ook van die Gitwe distrik waar Broeder R. L. Jones die leiding het. Hierdie resultate wys wat die Here kan doen as ons jongmense en gemeentelede saamstaan met die werkers in 'n poging om siele te win.

Die broeders in Midde Afrika is baie dankbaar vir hierdie duisende wat nou in hul Bybelklasse is; maar hulle het groot behoefte aan werkers. Sê Broeder Monnier: "Wat kan ek maak? Een man alleen op hierdie groot sendingstasie met vyftien buiteskole, twee groot kerke en nou nog die nuwe bekeerlinge, 1,600 mense in die Bybelklasse en oral die vraag vir onderwysers, vir iemand om hulle die weg van die Here duidelik te maak?" Daarby is Broeder Monnier die Unievertaler en dis alreeds 'n grote werk. Broeder Jones in Gitwe distrik is ook kort van hande. Hulle het daar 'n Unie Opleidingskool met net een man wat sy vol tyd gee en een wat gedeeltes werk en daarby nog die groot sendingstasie met vyf-en-twintig buiteskole. Waarlik hierdie Sendingveld het hulp nodig, as ons die sorg vir die duisende wat na die Here begin vra op ons wil neem en as ons nie hierdie getroue sendingwerkers wil oorwerk nie.

Waarom sal Ons Inteken vir die *Review and Herald*

WAAROM behoort Sewende-dag Adventiste in te teken vir die *Review and Herald* en dit te lees? Hier volg 'n paar antwoorde op hierdie belangrike vraag:

1. Die *Review* kom elke week as 'n besoeker en Bybelwerker in ons woning.
2. Die *Review* kom elke week as 'n herder en leraar in die gemeente.
3. Die *Review* kom elke week as 'n sendeling met rapporte oor die vooruitgang van die werk en vertel van die wonderwerke van die Here in die wêreldwye sendingvelde.

Ja, die *Review and Herald* is ons getroue "boodskapper in die boodskap van die Here," wat sy lesers week na week "goeie berigte van heuglike nuus" bring. Uit sy kolomme kry ons hulp en 'n antwoord op die baie ingewikkelde vraagstukke van ons dae, wat ons so moeilik val. Die *Review* help ons om sterker en meer grondwes in die waarheid te word.

Geen Sewende-dag Adventis behoort tevrede te wees of te reken dat sy woning volledig is sonder die *Review* nie.

Lees die *Review* met aandag en met gebed en dit sal 'n seën wees vir uself en u gesin.

A. E. JOHNSON.

Dis nou die tyd om u intekening vir die *Review* vir die komende jaar te vernuut. Stuur u bestelling aan die sekretaris van u konferensie saam met die intekengeld van 11/-, (elf sielings) die prys van die blad vir een jaar.

Groete van Oos Afrika

G. A. ELLINGWORTH

Ek is bly vir die geleentheid om vir ons broeders in die Suidelike Afrikaanse Divisie groete te stuur van die werkers en gelowiges in Oos-Afrika (Kenya, Uganda en Tanganyika Gebied). Op al die vergaderings wat ek voor my koms na die Suide bygewoon het, het hulle my opgedra om tog viral die broedergroete en beste wense van die unie en die gemeentes daar te stuur aan die "wat ewe dierbare geloof deelagtig is" in hierdie deel van die wêreld.

Baie van die ouer broeders sal Tanganyika Gebied beter ken onder die ou naam van Duits Oos-Afrika. Ons was die laaste vier jaar in daardie land. Baie sal onthou dat dit in Oos-Tanganyika was, waar Broeder E. Kotz 'n paar jaar in die sendingveld deurgebring het. Tot op die tyd van die Britse besitting is die veld deur ons Duitse Konferensie bewerk.

In die paar jaar wat die werk daar aan die gang was voor die Groot Oorlog het ons Duitse broeders reeds vyftien sendingstasies geopen. Op daardie stasies het hulle huise en kerke gebou, meesal van in die son gedroogde stene met sinkdak. Hulle het skole en doopklasse georganiseer en heel wat mense gedoop. Toe kom die Groot Oorlog, hulle was verplig om die stasies te verlaat, party stasies is uitgeplunder, en behalwe 'n paar getroues, het onderwysers en skoliere tot hul vorige heidense gewoontes en erger teruggekeer.

Toe die vrede opnuut in hierdie geteisterde land terugkeer, het ons broeders van die Britse Unie Konferensie verlof gekry om die werk in Tanganyika sowel as in Kenya oor te neem.

In 1920 het Ouderling W. T. Bartlett met 'n groep werkers van Engelang gekom om die werk in Kenya en Tanganyika weer te begin. Hulle het egter nie voor 1922 die werk in laasgenoemde gebied kan begin nie. Toe hulle die werk weer organiseer, vind hulle dat dit onmoontlik was om al die ou stasies te beset. Met die ontwikkeling van die paaie was dit ook eenvoudig vermors van geld om die sendingstasies so dig naby mekaar te hê. Daarom het ons nou net vier sendingstasies in Kenya en ses in Tanganyika.

Toe die broeders die werk opnuut

opneem, het hulle gou gesien dat dit feitlik beteken 'n splinternuwe werk en onder baie moeiliker toestande as in die eerste geval. Want toe die werkers in 1922 daar aankom, moes die sendingstasies weer opnuut opgebou word, die tale moes geleer word, skole moes gestig word en die hele stadige proses van onderwys en opleiding van onderwysers moes van nuuts aan weer begin word.

Die werk word gedaan deur medium van Kiswahili, die taal wat in die gewone omgang en in die handel met die kafferstamme deur ongeveer twintig miljoen mense gebruik word. Dis ook een van die offisiële tale, nie alleen in Tanganyika, maar ook in Uganda, Kenya en 'n deel van Belgies-Kongo.

Onderwysers ontvang opleiding in twee sentrums en skryf vir die Goewermentseksame vir onderwysers. Dis nodig omdat na 1932 geen ongesertifiseerde onderwyser sal toegelaat word om in 'n skool onderwys te gee nie. So ver het ons 'n taamlik aantal wat deurkom en verlede jaar het ons Suji-stasie die eer gehad om op te stuur die eerste vroulike naturel in Tanganyika wat die onderwysersseksame passeer het.

'n Onderdeel van die werk wat help om vooroordeel weg te neem en die vertrouwe onder die mense te herstel, is die mediese werk. Elke sendingstasie het nou sy apteek en die meeste werkers het min of meer 'n mediese opleiding geniet, sodat hulle in staat is om die mense te help. En die liefde en toewyding waarmee hulle te werke gaan, win die harte van die mense. Die slawehandelaars het hul spore op die land agtergelaat in die soort siektes wat ons behandel, en in die manier waarop niksbeduidende kafferhoofde die Islam aange neem het en hulself "sultans" noem.

Die vier-en-'n-half miljoen mense wat meer as honderd verskillende dialekte praat en versprei is oor 365,000 vierkante myle, die grondgebied van Tanganyika, omvat ons taak in hierdie deel van Afrika.

Van 'n etnologiese standpunt is Tanganyika 'n interessante veld, omdat hier so baie rassé bymekaar kom en saamsmelt.—Die Nylrasse van Masai, die Semetiese Arabiere na die kus se kant toe, die Bantoes in die Wes en in die Suide. Die voerpunt van die Zoeloes het deurgedring tot

die kuste van Spekegolf aan Victoria-meer, maar die dood van hul koning en die gebruikelike suksessie-oorloë het hulle gedwing om terug te gaan en hul te vestig in wat vandag Niasaland is. Toe kom die Europeane met gereelde bestuur en menslike wette en hulle het toe 'n end aan die slawehandel gemaak en tegelyk planne gemaak om die bevolking op te voed en hul siektes te bestry.

Die teenswoordige goewerment eis van al sy administratiewe beamptes dat hulle antropologie sal studeer het en 'n moeilike eksamen in Swahili sal passeer het, voor hulle in hul amp bevestig word. Op die manier word die reg en die ontwikkeling in harmonie met die geaardheid van die bevolking verseker. Hierdie wetenskaplike houding van die Goewerment het sy invloed op ons sendelinge, en al ons Europese werkers predik en gee onderwys in tenminste een landstaal,—Kiswahili. Die resultate van hierdie werk is goed; mense word gedoop, Sendingvrywilligers organiseer en begin werk onder hul heidense bure, en sodoende word die fundamente vir 'n meer uitgebreide evangeliewerk gelê, omdat ons opleidingskole ons elke jaar 'n groep vir diens opgeleide manne en vroue gee.

Ons lê definitiewe planne vir uitbreiding. Voorlopig werk ons alleen in die noordelike deel van Tanganyika. As mens staan op die vervalde murasie van die huis in Tabora, waar Dr. David Livingstone vir 'n tyd gewoon het om kragte op te doen vir 'n nuwe trek deur die onbekende binnelande van Afrika, hoe kan dit dan anderste of dieselfde gees wat daardie groot Voortrekker die groot vlaktes van Midde-Afrika ingestuur het, neem ook van ons besit om die evangelie te predik en die siekes gesond te maak. Ons planne is gelê. Sodra ons kan, gaan ons werk begin in daardie ou vesting van die Islam en van die slawehandel—Tabora. Voor ek op verlof gegaan het, was my laaste taak om 'n ondersoek in te stel en rapport uit te bring aan die komitee met betrekking tot die begin van 'n werk in die Dodoma distrik. Dodoma is die verbindingslyn, waar die moterpad van die Kaap na Caïro, die lugroete van Engeland na die Kaap en die Sentrale Spoorweg van Tanganyika mekaar kruis.

* * *

"Al die paaie van die Here is goedertierenheid en trou vir die wat Sy verbond en Sy getuïenisse bewaar."

N.-T. Konferensie

W. L. Hyatt *President*
P. W. Willmore *Sekr.-Tes.*

Bus 6154, Johannesburg, Tvl.

Nuus

Broeder A. Floyd Tarr het 'n week onder die besigheidsmense van Johannesburg rondgegaan in belang van die Oes Insameling. Hy het baie sukses gehad.

Ouderling W. Leroy Hyatt was Sabbat, 3 September, op Pretoria en het toe twee broeders gedoop. Sabbat, 10 September, was hy op Standerton, waar baie mense die Avondmaaldiens bygewoon het. Daar is 'n goeie gees in daardie gemeente. Sabbat, 17 September, was hy op Bethlehem. Heel wat broeders en susters van die buiteplase het vir die naweek ingekom en was bly om deel te neem aan die Avondmaal. Broeder W. Leroy Hyatt dink 'n week op Ermelo deur te bring.

Die komitee het Broeder en Suster le Butt gevra om met hulp van die gemeentelede 'n poging in een van die voorstede van Durban te hou.

Sondagaand die tweede Oktober begin daar weer 'n lekepoging te Brakpan. Ouderlinge J. J. Birkenstock, B. P. de Beer en Broeder H. J. Herholdt gaan hierdie poging hou.

Ons versoek al ons gemeentelede oor heel die konferensie om tog daeliks hierdie verskillende pogings in hul gebede te gedink, sodat baie siele die waarheid mag aanneem as gevolg van hierdie pogings.

Mej. Charlotte A. Dixie bly nog op Ermelo tot aan die end van die jaar om die werk daar aan te help en die gemeentelede te bemoedig. Haar adres is, p/a Mevr. von Weilligh, Robertsonstraat, Ermelo, Tvl.

Ouderling W. S. Hyatt het 'n paar weke op Durban en Lilani Warm Bade deurgebring. Hy is nou weer terug in die hoofstad en hoed die skape. Die gemeentelede is bly om hul herder weer terug te sien.

Sondagaand, 18 September, het Ouderling F. G. Clifford sy poging

begin in die Globe Kinema, Johannesburg. Saam met hom is Ouderling en Mevr. P. A. Venter, Mej. Minnie Dixie en Broeder Wentzel Cowper.

Ouderling en Mevr. John H. Raubenheimer bly nog op Potchefstroom tot die end van die jaar. Hulle begin Sondagaand die tweede Oktober 'n intensiewe nalesing-poging. Ons vertrou dat hierdie vergaderings goed sal bygewoon word en die wat alreeds gedoop is, sal versterk.

Ons verwelkom 'n nuwe rekrut onder die kolporteurs in ons konferensie. Broeder P. J. Haarhoff het uitgestaan vir die waarheid, al moes hy ook sy werk op die spoorweg daarvir opgee. Hy versprei nou ons waarheidswangere leesstof op die Oos-Rand.

Broeder en Suster David Sparrow was 'n paar dae in Johannesburg op besoek by hul dogter Mevr. Colly.

Hierdie jaar het ons in hierdie konferensie 142 siele gedoop. Ons moedig ons lede aan om ruim by te dra tot die Evangelistiese Belofte Fonds vir die orige van die jaar.

* *

General News

Elder N. C. Wilson recently visited the Cape to attend a meeting of the Division Committee and Helderberg College Board.

Miss J. Crammond and her mother have recently arrived at the Cape from Bloemfontein. Miss Crammond is now associated with the staff of the Division office.

Elder J. I. Robison recently returned to the office from his visit to the mission fields to the north. He reported especially large camp-meetings in Ruanda and Urundi.

Obituaries

CANHAM.—On August 25, there passed away at Vryburg an old esteemed citizen of that town, and a true and loyal citizen of God's kingdom, in the person of Brother Henry Canham at the age of sixty-seven years.

This old brother, together with his family, accepted the truth about sixteen years ago under the labours of Elder Paap, but, was not baptised at that time. Several years later at the dedication of the Kimberley church this brother expected to be baptised together with the writer, but God

laid him aside on a sick bed. Two-and-a-half years ago the writer buried Brother Canham by baptism in the Harts River, Taungs, and two days ago had the sad duty of burying him in his last resting place, there to await the call of the Life-giver at His second coming.

To his widow and family is extended the sympathy of a large circle of relatives and friends who, by the grace of God, look forward to seeing their dear one again.
S. C. PALVIE.

ROBERTSON.—Isabella, Mortimor, Thompson, Robertson was born in Scotland in September 1873 and passed away in a Durban hospital on August 13, 1932.

Mrs. Robertson accepted the third angel's message along with her husband during the city effort held by Elder W. L. Hyatt at the Town Hall, Durban, in 1929.

Elder Walston conducted a very impressive service at the graveside where almost all the Durban church members had gathered.

We all share in the grief of Brother Robertson.
A. C. LE BUTT.

FOWLER.—Eliza Fowler (nee Pepworth), was born at Brandon, Suffolk, on July 14, 1852 and died in the Grey's Hospital, Pietermaritzburg, August 20, 1932.

Sister Fowler arrived in Durban in 1864 and was married to Mr. D. B. A. Horne in 1870. Several children were born of this union, of whom two remain, a son living in Cape Town and a daughter, Mrs. F. T. Banks, residing in Pietermaritzburg. She was left a widow for several years and later married Mr. W. Fowler in 1901.

Sister Fowler gave her heart to the Lord in the early days and was a faithful follower of her Saviour. About thirty years ago she accepted the last message under the labours of Elder H. J. Edmed and remained a faithful member until the time of her death. Her confidence in her Saviour never wavered and she had strong confidence in the soon appearing of our Lord to take His people home.

Her one desire and prayer was to see her husband accept the truth and her joy was full when she saw Elder Staples lead Brother Fowler through the watery grave about a year ago. Her ambition now realised she was ready to be set at rest to await the call of the Life-giver. Elder W. S. Hyatt and the writer conducted services at the church and the graveside.

Our hearts go out in love and sympathy to Brother Fowler.
A. C. LE BUTT.

The Southern African Division Outlook

Published monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)

Subscription price, 2/6 per annum

Advertisements: 6d per line (minimum 3/-)

W. B. COMMINS Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright *President.*
A. E. Nelson *Secy.-Treas.*
A. N. Tonge *Medical Secy.*
E. D. Dick *Field and Educational Secy.*
J. I. Robison *S. S. and Miss. Vol. Secy.*
L. A. Vixie *H. M. and Field Miss. Secy.*

Review and Herald Promotion Week

Message from Elder Branson

OF all the general periodicals published by our people the *Review* stands out alone. It is in a class by itself and occupies a field unentered by any of our other papers.

We appreciate all our denominational journals; but we believe that if any one among our English-speaking churches should find it impossible to provide himself with more than one of our periodicals, that one should by all means be the *Review*.

For many years the *Review* has served as our general church paper, and its influence among us in keeping the church united in teaching and in purpose has proved invaluable. It has sounded a clear, ringing note on the fundamentals of our message, and has served as a medium of communication between the General Conference office and our believers in our home base and our missionary outposts in foreign fields. It is just as true today that "the *Review* . . . should be placed in every family of believers" as it was when the Lord sent this message through His servant many years ago. ("*Testimonies*," Vol. IV, p. 598.) And it is now even more important. As we pass through the final experiences of the finishing of God's work upon earth we need to keep in close and constant touch with every struggle and triumph of the message, that our own hearts may be assured thereby. With the above message came also the word that "our people should make greater efforts to extend the circulation of the *Review*. . . . Those who consent to do without the *Review and Herald* lose much. Through its pages Christ may speak to them in warnings, in reproofs and in counsel, which would change the current of their thoughts, and be to them as the bread of life." (Id., p. 599.)

It is our hope that everything that is reasonable and possible will be done to introduce the *Review* into every Seventh-day Adventist home. This is greatly needed. In the coming final crisis our people must hold solidly together, and the *Review* will prove to be a mighty factor in accomplishing this, if all our people will only become its constant readers.

W. H. BRANSON.

How to Order the *Review*

J. G. SLATE

WE have sometimes made the mistake of encouraging our people to subscribe for the *Review and Herald* without giving information as to where and how to obtain the paper and its subscription price. So that there will be no question in the mind of anyone, allow us to state here, that the *Review and Herald* should be ordered from your book depository or mission field depository secretary. The price is 11/- per year and this amount should be remitted with your order. You can send your remittance either by cheque or postal order. If you are fortunate enough to be situated near one of our organised churches, then you should hand your order for the *Review and Herald*, together with your remittance, to your church home missionary secretary, who, in turn, will send your order to the book depository secretary.

In sending your order it would be a decided help if you would write your name and complete address on a sheet of paper and state whether your subscription is a new one or a renewal. This information is very necessary in handling your order, when it is finally received by the publishers of the *Review and Herald*. If you are already a subscriber and your subscription has not yet expired when the order is received by the publishers, it would save a duplication if you mention that it is a renewal, and would be added to your unexpired subscription. Sometimes this information is not given, and when it happens, as it often does, that a name is sent in a little differently from what was given previously, the result is that the name is put on the list a second time, and then two papers are sent along until the old subscription expires.

We might write much regarding the value of the *Review and Herald*, and the importance of this journal being found in the home of every Seventh-day Adventist, but what Elder Branson has written and also the article by Elder J. L. McElhany, appearing on this page, give to us the value of this established church paper in the light of their years of experience in connection with this cause as leaders in our work.

The *Review and Herald*

J. L. MC ELHANY

OF all the periodicals published in connection with this movement the good old *Review* holds first place in my heart. It is always a privileged hour when I can sit down quietly and read its pages. It always abounds in articles and reports of unflinching interest. Its messages inspire and encourage me. The great mission fields pass in review, and the experiences of our missionaries are featured in a way that rejoices my heart. It seems to me I could sacrifice almost anything in preference to the *Review*. I have the same feeling in behalf of our entire world membership. Every home should have the *Review*.

The circulation of the *Review* is always a question of vital importance in the councils of the leaders of this movement. At a recent council of the General Conference considerable time was devoted to the discussion of this matter. An action was taken asking that our local and union conference leaders take a definite responsibility in encouraging its circulation.

The reason for such an action must be evident to all. Our leaders realise that the *Review* promotes spirituality in the hearts and lives of its readers. It is a strong factor in building up the principles of the message in the experience of our people. Our desire is to have our people continually led into a deeper and fuller Christian life and experience. The *Review* helps to do this.

In maintaining the interest of our people in the progress of the message throughout the world, the *Review* is invaluable. As a unifying agency it holds first place.

Realising all these things, we are glad to unite in all the plans that have been laid to encourage its circulation. We appeal to every one whose eyes fall upon these words to help extend the influence of our church paper by not only subscribing himself, but doing his utmost to encourage others to do the same.

Is it too much to hope for the *Review* to be placed in the home of every believer? We do not believe it is.